

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Botha en 'n Ander, S v Marais
(625/1991, 197/1991) [1992] ZASCA 234;
1993 (2) SA 76 (AD); (27 November 1992)
[1992] ZASCA 234

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Hefer, Vivier, Krieger

CASE / FILE NUMBER

625/1991, 197/1991

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (APPÉLAFDELING)

In die saak tussen:

Saak No 625/1991

1. DAVID PETRUS BOTHA Eerste Appellant
ADRIAAN SMUTS Tweede Appellant
teen

DIE STAAT Respondent

Saak No 197/1991

2. EUGENE MARAIS Appellant

CORAM: HEFER, VIVIER ARR et KRIEGLER Wn

AR.

VERHOORDATUM: 12 NOVEMBER 1992 LEWERINGSDATUM: 27 NOVEMBER 1992.

UITSPRAAK HEFER AR:

2

HEFER AR:

Hierdie twee appèlle wat gesamentlik aangehoor is en in 'n enkele uitspraak behandel word
spruit uit verskillende verhore maar uit dieselfde voorval.

Op Dinsdag 9 Oktober 1990 het 'n aantal swart jeugdiges wat, te oordeel aan hulle kleredrag lede of ondersteuners van die PAC was, blankes in Weststraat, Durban, met messe aangeval en agt mense beseer. Een is later oorlede. Daardie aand is 'n aantal skote met outomatiese wapens naby die stad vanuit 'n verbysnellende motor op 'n bus vol swart passasiers gevuur. Sewe passasiers is gedood en agtien ander verwond. Dawid Petrus Botha, Adriaan Smuts en Eugene Marais, na wie voortaan verwys word as eerste, tweede en derde appellant onderskeidelik, is weens die skietery gearresteer. Hulle is

3

aanvanklik gesamentlik aangekla maar, aangesien eerste en tweede appellante skuldig en derde appellant onskuldig gepleit het, is 'n skeiding van verhore gelas. Derde appellant se verhoor is deur HUGO R en assessore waargeneem. Nadat hy sy pleit na skuldig verander het, is hy skuldig bevind op sewe aanklagte van moord, sewe-en-twintig aanklagte van poging tot moord en twee aanklagte waarin die onwettige besit van 'n AK-47 geweer en ammunisie beweer is. HUGO R het hom ter dood veroordeel op elke aanklag van moord. Die ander twee appellante is verhoor deur GALGUT R en assessore. Hulle het ook skuldig gepleit en is skuldig bevind aan die sewe moorde en sewe-en-twintig pogings tot moord en verder weens die onwettige besit van wapens en ammunisie. Ook in hulle geval is die doodvonnis op elke aanklag van moord opgelê. Die huidige appêlle ooreenkomstig Art 316 A(l) van die Strafproseswet 51 van 1977, soos

4

gewysig, is slegs teen die doodvonnisse gerig. Weens die aard van die pleite was die verdedigingsgetuienis by elke verhoor beperk tot getuienis ter strafversagting. By eerste én tweede appellante se verhoor het eerste appellant alleen getuig en by derde appellant se verhoor is sy getuienis en dié van 'n aantal ander getuies met die oog op die straf aangehoor. Eerste en derde appellante se getuienis stem nie in alle opsigte ooreen nie maar die appêlle is beredeneer op die basis van die volgende feite :

Ten tyde van die voorval was die appellante, wat op Richardsbaai gewoon het, lede van die Afrikaner Weerstand Beweging ("AWB") en die Orde Boerevolk. Hoewel die aard en doelstellings daarvan nie ten volle uitgepluis is nie, is daar voldoende getuienis om aan te neem dat beide organisasies uitgesproke teenstanders van die regering en onversetlik gekant teen 'n moontlike toekomstige swart bewind is en bereid is om alles in die stryd te werp om die belange van blankes in die algemeen en die Afrikanervolk in die besonder te handhaaf. Die AWB was aanvanklik blykbaar 'n kultuurorganisasie maar volgens derde appellant se getuienis is dit later op 'n militêre basis gestruktureer en het dit 'n organisasie geword waarin die leiers militêre range dra. Aan die hoof daarvan was mnr Eugene Terre'Blanche met die rang van generaal. Eerste appellant was 'n kommandant en bevelvoerder van die groep in die Richardsbaai omgewing. Wat presies die struktuur van die Orde Boerevolk is blyk nie uit die getuienis nie. Volgens eerste appellant bestaan afsonderlike selle daarvan in verskillende dele van die land. Hy was die stigter en leier van so 'n sel in Richardsbaai.

Nuusberigte oor die messtekery in
6Weststraat is kort nadat dit plaasgevind het oor die
radio uitgesaai en deur eerste en derde appellante
gehoor. As gevolg daarvan het eerste appellant die
ander twee opdrag gegee om die aand by sy huis aan te
meld. Derde appellant moes 'n AK 47 wat hy, tot
eerste appellant se wete, besit het, met hom
saamneem. Om ongeveer 8 uur die aand het hulle by
eerste appellant se huis ontmoet en met tweede
appellant se motor, wat deur eerste appellant bestuur
is, na Durban vertrek om, soos eerste appellant dit
in sy getuienis gestel het, 'n "teenaanval teen
swartes in Durban" te loods. Sy getuienis lui voorts:

"Die algemene gevoel tussen die drie van ons was dat ons hard en duidelik 'n boodskap moes
uitstuur aan die Swart gemeente dat aanvalle van dié aard op blankes nie geduld sal word sonder
weerwraak nie."

Afgesien van derde appellant se AK 47 was daar ook 'n

FN-geweer wat in eerste appellant se besit was in die

7motor. Beide hierdie wapens is in die getuienis as masjiengewere beskryf. Eerste appellant het
verder

getuig:

"Ons het nog geen definitiewe plan van aksie gehad toe ons Richardsbaai verlaat het nie, en
terwyl ons gery het het ons gevoel dat daar gesoek moes word na 'n Swart huurmotor en dat ons
die Swart huurmotor met die masjiengewere sou aanval. Terwyl ons gesoek het na 'n Swart
huurmotor het daar 'n bus verbygekom en ons het besluit dat ons die bus sou agtervolg en aanval.
Ons het die bus agtervolg ...Die bus was besig om die KwaMashu area te nader....Toe ek die bus
verbysteek het beskuldigde no 2 en 3 op die bus gevuur....Ons het toe teruggekeer na Richardsbaai
toe, elkeen na sy woning toe."

Met hierdie kennis van die appellante se

vergryp (waaraan toegevoeg sal word na mate die

uitspraak vorder) kan aandag nou gegee word aan die

vonnisse. Dit moet natuurlik geskied in die lig van
al die strafversagende en strafverswarende faktore
met inagneming waarvan hierdie hof self moet oordeel

8

of die doodvonnis die enigste gepaste vonnis is. Soos aanstons sal blyk, is die faktore wat die straf in hierdie saak beïnvloed tot 'n groot mate ineengestrengel. Daarom is ek nie van voorneme om soos gebruikelik die strafversagende en strafverswarende faktore afsonderlik te tabuleer nie.

Eerste en derde appellante het getuig - en tweede appellant het by die verrigtinge ooreenkomstig art 119 van die Strafproseswet te kenne gegee - dat die hele doel van die rit na Durban was om die mesaanval in Weststraat te wreek. Dit moet dadelik gemeld word dat die slagoffers van die mesaanval nie familieleden of kennisse van enige van die appellante was nie en dat die appellante geen belang by die aanval gehad het nie ander dan dat die slagoffers blankes was. Beide verhoorhowe het bevind dat die voorval die appellante ontstel en

9

verontwaardig het maar, anders as duisende ander blankes wat heelwaarskynlik ewe ontsteld en verontwaardig was, het die appellante besluit om wraak te neem sodat dit kwansuis by die swart gemeenskap tuisgebring sou word dat geweld teenoor blankes teëgestaan sou word met geweld teenoor swartes.

Teen hierdie agtergrond is daar twee aspekte van die saak wat myns insiens beklemtoon moet word. Die eerste is dat die appellante nie in 'n oomblik van opwellende emosie gehandel het nie. Eerste en derde appellante het die nuus van die mesaanval gedurende die dag van 9 Oktober ontvang en tweede appellant het daarvan gehoor toe hy die ander twee appellante die aand by eerste appellant se huis ontmoet het. Eerste appellant het die ontmoeting gereël omdat, soos hy dit in sy getuienis gestel het, hy gevoel het "dat daar 'n aksie geloods moes word".

10

Soos vantevore gemeld, het derde appellant met sy AK47 by die ontmoeting opgedaag. (Ek sal later by die bespreking van derde appellant se geloofwaardigheidsgetuienis in hierdie verband behandel.) Gewapen met derde appellant se AK 47 en die FN-geweer het die drie na Durban vertrek met die uitdruklike doel om "weerwraak" te gaan neem. Op pad soontoe het hulle 'n plan van aksie beraam en besluit om 'n swarthuurmotor of bus aan te val. Waarom dit juis 'n bus of huurmotor moes wees, blyk uit eerste appellant se getuienis naamlik dat hulle nie tevrede was met een of twee slagoffers nie; hoe groter die aantal, destoe groter sou die trefkrag van hulle weerwraak wees. In Durban aangekom, het hulle vrugtelos gesoek na 'ngeskikte tekenen en uiteindelik besluit om huius toe te gaan. Ongelukkig het hulle iewers in Durban-Noordeers koeldrank by 'n vulstasie gedrink en terwyl hulle daarmee besig was, het die betrokke bus

11

verbygery. Dit was helder verlig en hulle het besef dat dit vol swart passasiers was. 'n Beter teiken kon hulle nie verwag nie. Hulle het die bus agtervolg en verbygesteek op 'n plek waar' daar nie ander verkeer was nie. Daar het die aanval plaasgevind. Word hulle optrede as geheel beoordeel, kan dit nie anders beskryf word nie as 'n lafhartige, weldeurdagte en koelbloedige aanslag op 'n aantal onskuldige mense wat niks te make gehad het met die oggend se voorval nie en wat uitgevoer is met die vooropgestelde doel om soveel as moontlik van hulle uit te wis. Ek stem met eerbied saam met HUGO R se opmerkings ten opsigte van 'n betoog dat die mesaanval beskou moet word as provokasie vir die aanval op die bus. Hy het hom soos volg uitgelaat:

"Mnr de Vos het betoog dat die gebeure in Durban die oggend as provokasie bestempel kon word en dat die feit 'n versagterende faktor daarstel. Ons stem nie saam nie. Die gebeure was ongetwyfeld die katalisator wat die aand se gebeure ontketen het.

12

Sekerlik was daar 'n gevoel van woede of moontlik vrees teenwoordig, maar niks wat die slagoffers van hierdie misdaad gedoen het kan as provokasie beskou word nie. Beskuldigde en sy trawante het geen poging aangewend om slagoffers te soek wat moontlik by die oggend se gebeure betrokke was nie, of selfs mense van dieselfde aard nie, soos byvoorbeeld jeugdige swartes nie. Intendeel het hulle 'n aanval geloods op mense wat klaarblyklik teruggekeer het van die werk laat die aand en wat hoogs onwaarskynlik by die oggend se gebeure betrokke kon gewees het. Voorts het die beskuldigde die hele dag gehad om as't ware af te koel van die gevoelens wat by hom ontketen is toe hy die nuus die oggend gehoor het."

Dit geld vir eerste en tweede appellante ook.

Die tweede aspek wat op hierdie stadium beklemtoon moet word, is dat die appellante die reg in eie hande geneem het en hulle optrede aan die hand van hulle liefde vir hulle volk probeer regverdig

het. Dit is reeds gemeld dat die appellante, anders as duisende andere wat waarskynlik ewe verontwaardig gevoel het, besluit het om die mesaanval te wreck.

13

Wanneer gesoek word na 'n verduideliking vir hulleoptrede moet eerste en derde appellante se getuienis

afsonderlik behandel word. Derde appellant het getuig dat hy onder die indruk was dat die aanval op die bus 'n AWB "aksie" was wat deur die leier van die beweging gelas is. Volgens hom het mnr Terre'Blanche voortdurend in sy toesprake op AWB vergaderings in die vooruitsig gestel dat die organisasie 'n swart bewindsoorname met geweld sou beveg. Sy getuienis nadat hy gevra is wat sy reaksie was toe eerste appellant hom en tweede appellant ingelig het dat hulle 'n bus of huurmotor in Durban gaan aanval, lui soos volg:

"Ek het aan hom gevra hoekom, en hy het aan my gestel dat dit is in weerwraak van hierdie mesaanval, dat ons as AWB die opstand moet keer want dit is nou die begin van hierdie Swartopstand teen die Blankes en indien ons nie nou onmiddellik iets daaraan doen nie gaan dit nie stop nie.

Wat was u siening toe hy nou hierdie stelling aan u maak in die lig van wat u netnou gesê het, dat dit soort van die

14

rewolusie was wat nou aanbreek? Hoe het u hierdie woorde van hom geïnterpreteer? Ek het geglo wat hy vir my gesê het want ek het daaroor gedink en, aangesien mnr Botha direk geskakel het met mnr Eugene Terre'Blanche, met Ventersdorp,' het ek geglo dat die opdrag het daarvandaan gekom, dat daar 'n teenoptrede geloods moet word. HUGO R: Is dit ooit aan u gesê dat dit inderdaad so was? Nee U Edele, daar is nie aan my gesê dat die opdrag van Ventersdorp gekom het nie maar ek het dit so aanvaar as gevolg van die feit dat Piet direkte skakeling met Eugene Terre'Blanche het, en dat dit 'n groot besluit is en 'n groot opdrag wat nie op plaaslike vlak geneem sou word nie."

Elders in sy getuienis het hy gesê:

"As gevolg van die toesprake van mnr Terre'Blanche waar 'n mens gedurig gehoor het van die totale aanslag wat gaan kom, die swart opstand, het ek gedink dat hierdie die begin is van hierdie aanslag waar die Swartes nou omdraai, nie net teen mekaar veg nie maar teen die Blankes begin veg."

Derde appellant se advokaat het transkripsies van sommige van die AWB leier se toesprake by die verhoor

ingehandig en in sy uitspraak het HUGO R daarop¹⁵ gewys dat mnr Terre'Blanche daarin wel geweld as die uiteindelijke oplossing vir die Afrikaner se toekoms verkondig het maar dat hy nooit "geweld soos hierdie, op 'n tydstip soos hierdie, aangemoedig of veroorloof" het nie. Die verhoorhof het derde appellant se bewering oor sy geloof dat die mesaanval die begin was van 'n swart opstand teen blankes in elk geval verwerp maar bevind dat "die AWB het wel 'n rol gespeel om die beskuldigde se geneentheid om teen swartes op te tree te vergroot."

Eerste appellant het getuig dat die aanval op die bus 'n "aksie" van die Orde Boerevolk was waarmee die AWB niks te make gehad het nie. Later in sy getuienis het hy egter laat blyk dat daar geen kontak tussen sy sel en ander selle van die beweging was nie en dat hy persoonlik besluit het om die sogenaamde teenaanval te loods. In die verhoorregter se bespreking van die moontlike versagtende faktore

16

verskyn die volgende :

"Vierdens, en miskien van die grootstewaarde in hierdie opsig, aanvaar ons datwat die beskuldigdes gedoen het hulle indie bona fide geloof in die Orde Boerevolkse saak en doelstellings gedoen het. Hoewel hulle blykbaar ook lede is van die AWB speel hierdie feit geen rol in hierdieszaak nie. Wat betref die Orde Boerevolk sesaak het die beskuldigdes geglo dat die PAC'n beleid van geweld teen blankes voorstaanen dat hulle plig was om die Orde Boerevolkse beleid te gehoorsaam, naamlik dat virelke blanke wat deur swartes doodgemaakword daar tien swartes moet sterwe. Beskuldigde no 1 sê dat hy glo dat die blanke in Suid-Afrika in 'n oorlog gewikkelis. Tot die mate wat hy dit glo geldhierdie faktor in die beskuldigde seguns."

In die lig van eerste en derde appellante se getuienis moet aanvaar word dat nóg die AWB nóg die Orde Boerevolk as sodanig iets met die aanval te make gehad het. Soos vantevore aangedui, verkondig beide organisasies nietemin 'n beleid wat gerig is op die daadkrachtige handhawing van blankes se belange teenoor swartes en die voorkoming van 'n uiteindelijke

17

swart bewindsoorname. Dat lede soos die appellante vas glo dat die Afrikanervolk reeds in 'n verbete stryd om voortbestaan teen ander bevolkingsgroepe gewikkel is, kan nie betwyfel word nie - daarvan spreek eerste en derde appellante se getuienis. Boonop glo hulle dat dit nie bloot 'n stryd is teen politieke teenstanders nie maar inderdaad teen die magte van die Bose. Dit lê nie op die weg van die geregshof om hom uit te spreek oor die grondigheid van so 'n geloof nie; elkeen is immers geregtig om te glo wat hy wil. Maar elkeen wat dit huldig moet besef dat daar perke is aan die uitlewing van sy geloof. Dit spreek tog vanself dat niemand geregtig is om die wapen na goeddunke op te neem teen diegene wat hy as vyande van sy volk beskou nie. Misdadige optrede kan nie onder die dekmantel van liefde vir die volk verbloem word nie en persone soos eerste appellant wat homself beskou as 'n soldaat met die

18

bevoegdheid en die reg om, volgens eie oordeel, tebesluit oor die lewens van andere in die gewaande

beskerming van sy volk se belange, kan nie toegelaat word om sy patriotisme as verskoning voor te hou nie.

Organisasies of individue wat hulle beywer vir die behoud - soos hulle dit sien - van 'n volk moet dus besef dat die reg sy gewone gang sal gaan en dat misdadige optrede gestraf sal word, hoe lofwaardig hulle optrede in eie oë ookal is. Eerste appellant se houding spreek byvoorbeeld uit die volgende passasie uit die oorkonde:

"Maar mnr Botha selfs in die oorlog dink ek nie mense gaan sommer eenvoudig sê nou maar in 'n dorpie in en jy skiet al wat vrou en kind is dood net om dood te maak nie. Dit moet tog 'n doel dien. U Edele ek stem

nie saam nie. In Israel, onder die Palestyne, die Jode-aanval, word daar weerwraak geneem. Die Israeliese leër of die lugmag loods 'n teenaanval teen die Palestyne met bomwerpers en hulle skiet 'n hele dorp gelyk met die aarde. Daar word ook nie gekyk na mans, vrouens en kinders nie. En daardie Israeliese soldate kom terug en kry medaljes. Hulle word beskou

19

as helde omdat hulle opgerree het in die belang van hulle volk. So het ek as 'n boersoldaat opgetree in die belang van my volk."

Wat eerste appellant natuurlik uit die oog verloorhet, is dat hy en die ander twee selfaangestelde "boersoldate" en beskermers van hulle volk is. Sy houding is, om die minste te sê, erg verwaand.

Hoe dit ookal sy, geeneen van die appellante het probeer te kenne gee dat hy nie ten volie bewus was van die strafbaarheid van sy optrede nie. Die aanval op die bus het plaasgevind met die volle wete dat hulle besig was om moord te pleeg. Nogtans het hulle volhard. Daarom spreek dit vanself daz hulle politieke en lewensbeskouings wat in ooreenstemming is met die beleid van die AWB en die Orde Boerevolk en klaarblyklik bygedra het tot die

misdaad, weinig gewig kan dra. Ek stem ook nie saam²⁰ met die betoë in hierdie hof dat die moorde met 'n politieke motief gepleeg is nie. Soos reeds aangedui, was die motief weerwraak en niks anders nie. Trouens, eerste appellant het dit in sy getuienis erken. Dat met die aanval beoog is om 'n boodskap aan die swart gemeenskap opr te dra, verander nie die beweegrede nie. Al wat dit te kenne sou gee was dat geweld teenoor blankes gewelddadig gewreek sou word; met die politiek het so 'n boodskap van wederkerige rassegeweld niks te make nie.

Ek bespreek vervolgens elke appellant se posisie aan die hand van die verhoorhowe se bevindings.

In sy uitspraak op vonnis het GALGUT R asmoontlike versagtende faktore verwys na die feit dateerste en tweede appellante nie vorige veroordelingshet nie en nie tot geweld geneig is nie; dat hulle'n mate van berou het oor hulle optrede hoewel hulle

21

dit blykbaar steeds probeer regverdig; dat hulle metdie polisie saamgewerk het en hulle aanspreeklikheidnie probeer verdoesel het nie; dat hulle opgetreehet in die bona fide geloof in die Orde Boerevolk sesaak en doelstellings; en dat die mesaanval as 'nbeperkte vorm van provokasie gesien kan word hoeweldie "teenaanval" teen onskuldige slagoffers gerigwas en die betrokke twee appellante nie "emosioneelbelaa" was nie. Wat tweede appellant betref isverder aanvaar dat hy 'n lae intelligensievlak het(wat bevestig is in 'n sielkundige verslag) en asvolgeling, eerder as leier, opgetree het. Tenaansien van die opsetvorm is geen bevindinggenotuleer nie omdat die verhoorhof van oordeel wasdat die vorm van opset nie veel verskil kon maak nieaangesien indirekte opset in die omstandighede vandie saak nie as 'n versagtende faktor

aangemerkt kan word nie. As agtergrond dien verder gemeld te word

22

dat eerste appellant op skool sover as standerd 9 gevorder het en vantevore 'n verkeersbeampte was. Ten tyde van die voorval was hy 46 jaar oud met sy eie sakeonderneming in Richardsbaai. Hy' het die verhoorhof beïndruk met sy "sterk persoonlikheid" en "helder gedagtes". Die verhoorhof het hom as "bo-gemiddeld slim" bestempel. Tweede appellant het skoolopleiding tot standerd 8 gehad en hom daarna as passer en draaier bekwaam. Ten tyde van die voorval was hy 38 jaar oud. Die verhoorhof het hom as 'n "negatiewe en teruggetrokke persoon" bestempel.

Die enigste bykomende versagtende faktor waarop mnr Rees in hierdie hof gesteun het, is dat die appellante nie die "maksimum geweld waartoe hulle in staat was" aangewend het nie. Wat hy in gedagte gehad het, was dat die appellante ná die aanval omgedraai het en weer by die bus verbygery het waar dit tot stilstand gekom het sonder om weer daarna te

23

skiet.

As verswarende faktore het die verhoorhof

verwys na die feit dat die aanval op die bus beplan was en na die grusaamheid daarvan, veral waar dit met

dodelike wapens gerig was teen onskuldige weerlose

slagoffers en, wat eerste appellant betref, na die

feit dat hy die betrokke aand as leier opgetree het.

Die verhoorhof was van oordeel dat die verswarende

faktore die versagtendes geheel en al oorskadu.

GALGUT R was verder van mening dat vergelding 'n veel

groter rol in hierdie besondere saak speel teenoor

die ander doeleindes van vonnis as wat andersins die

geval sou gewees het. Dit is nie onvanpas nie om die

belese regter se slotopmerkings in die uitspraak oor

vonnis aan te haal. Dit lui soos volg:

"Die aanval verg na my mening die sterkste moontlike boodskap aan die gemeenskap, wit en swart, veral in die politieke klimaat wat toe geheers het en vandag steeds heers. Die daad van terreur wat die beskuldigdes gepleeg het was van die ernstigste. Lede

24

van die publiek, wit en swart, is geregtig om in die openbaar te beweeg, sekuur in die wete dat die gereg beskerming sal bied. Die publiek, wit en swart, moet derhalwe gewaarsku en verseker word dat hierdie tipe terreur op die strengste moontlike manier deur die gereg verwerp sal word. Die aanval was 'n moedswillige, gevoellose en agtelose daad op onskuldige mense uitgevoer wat op sy beste slegs dien om aanleiding te gee tot verdere geweld of teenaanvalle. Presies dieselfde moet gesê word ten opsigte van die PAC se aanval daardie oggend."

Ek stem met eerbied saam. Dit kan geen

twyfel ly nie dat die versagende faktore totaalorskadu word deur die verswarende faktore en dat in

'n saak soos hierdie vergelding en afskrikking die

deurslaggewende doeleindes van die vonnis is. In 'n

onsekere politieke klimaat met onvermydelike spanning

tussen die bevolkingsgroepe is die skim van

grootskaalse rassegeweld altyd op die agtergrond.

Elke regdenkende, glo ek, hoop dat dit nooit

werklikheid sal word nie. Ongelukkig is daar egter

25altyd diegene wat onrus aanblaas en in geweld die enigste oplossing sien. Ek beklemtoon wat ekvantevore gesê het naamlik dat dit elkeen vry staan om te glo wat hy wil maar dat niemand toegelaat kan word om sy persoonlike oortuigings gewelddadig aan ander op te dring nie.

Daardeur stel hy nie nethomself nie maar miljoene landsburgers in gevaar. Endit is presies wat die appellante gedoen het. Die gemeenskap sal ongetwyfeld daarop aandring dat hulle op die strengste moontlike manier behandel word as die enigste gepaste boetedoening vir hulle daad enter voorkoming van dergelike voorvalle in die toekoms. In eerste en tweede appellante se geval isek van oordeel dat die doodvonnis die enigste gepastevonnis is.

Derde appellant was tydens die voorval 28 jaar oud. Na matriek het hy vir ses maande 'n landbou kursus aan 'n universiteit gevolg maar sy studies

26

beëindig toe die plaas waarop hy sou gaan boer het, verkoop is. Daarna het hy nasionale diensplig verrig en vervolgens eers by 'n fabriek in Modderfontein en later in Chloorkop as skakelbeampte gewerk. Hy het 'n drie-jarige diploma kursus in padvervoer aan die Randse Afrikaanse Universiteit voltooi en uiteindelik gevorder tot assistent-vervoerbestuurder maar gedurende September 1989 het hy bedank. Nadat hy vir 'n paar maande as assistent-kontrakbestuurder by 'n ander vervoermaatskappy gewerk het, het hy gedurende Maart 1990 na Richardsbaai verhuis waar hy 'n suksesvolle fotografiese besigheid bedryf het. Sy ouers is gedurende 1984 geskei. Twee jaar later is sy moeder getroud met 'n persoon met 'n doktorsgraad

in Opvoedkunde en 'n hoë pos in die Staatsdiens. Sy stiefpa het, volgens derde appellant, "dieselfde politieke sienings as ek gehad, en hy was 'n hoogs geleerde man en hy het my, soos ek gesê het,

27

politieke siening ondersteun en my vertel, dinge watek nie geweet het nie, wat ek dan toe ook nou geglohet". Sy politieke siening - wat kortweg as radikaalregs beskryf kan word - het derde appellanttoegeskryf aan sy opleiding aan 'n konserwatieweskool êrens in Transvaal, aan sy militêre opleiding, aan 'n universiteits-kamermaat wat 'n valskermssoldaat was, aan sy skoonouers iewers in die Waterberg, en natuurlik aan die AWB waarmee hy sedert 1987 inaanraking was. In Richardsbaai wou hy, met die oogop sy sakebelange, nie openlik aan die politiekdeelneem nie maar hy het gou te wete gekom dat eersteappellant die plaaslike kommandant van die AWB was. Daarna het eerste appellant hom gereeld by sybesigheid besoek.

'n Ander persoon wat derde appellant ook op Richardsbaai ontmoet het, was mnr Carel Liebenberg wat lid was van 'n organisasie bekend as die Israel

28

Visie of die Gemeente van die Verbondsvolk. Hierdie organisasie heet godsdienstig van aard te wees maar beoefen 'n geloofsbelydenis

- nogal op die gewaande gesag van dieselfde Bybel wat baie van ons lees -waarvolgens blankes kinders van God en anderskleuriges skepsels van Satan is wat nie hoër geag word as die diere van die veld nie. In sy getuienis het derde appellant te kenne gegee dat hy geglo het in die waarheid van die "evangelie" wat Liebenberg verkondig het.

Die verhoorhof het op die getuienis van 'n sielkundige en 'n aantal familieleden aanvaar dat derde appellant "'n swak persoonlikheid het wat maklik beïnvloedbaar is". Na hierdie bevinding het HUGO R die faktore wat moontlik sy optrede op 9 Oktober 1990 beïnvloed het, behandel en tot die gevolgtrekking gekom dat nóg sy gesinsfaktore nóg sy skoolopleiding nóg sy stiefvader nóg sy skoonouers 'n

29

noemswaardige rol gespeel het. Ten opsigte van die AWB is die bevinding genotuleer waarna reeds verwys

is naamlik dat

"die AWB het wel 'n rol gespeel om die beskuldigde se geneentheid om teen swartes op te tree te vergroot. Verder as dit het dit vir huidige doeleindes nie gegaan nie. Die AWB se invloed verduidelik tot 'n mate die beskuldigde se optrede, maar speel onses insiens geen rol om dit te versag nie."

Wat die Gemeente van die Verbondsvolk betref was die

verhoorhof nie bereid om te aanvaar dat die appellant die organisasie se leerstellings as vaste geloof aanvaar het nie. "Hoogstens was sy gemoed in vertwyfeling daaroor" - aldus HUGO R se uitspraak.

Die verhoorhof het alle moontlike versagtende faktore nagegaan. Onder hierdie hoof is genotuleer dat derde appellant 'n skoon rekord het sonder enige inherente neiging tot geweld. Later, by die opweging van die verskillende faktore, is verder

30aangedui dat hy rehabiliteerbaar is en, selfs sonder enige straf, nie weer so 'n misdaad sal pleeg nie. Die verhoorhof het nogtans bevind dat die enigste werklike berou aan derde appellant se kant betrekking het op die posisie waarin hy homself en sy gesin geplaas het. Origens is bevind dat derde appellant wel vatbaar is vir beïnvloeding deur ander maar, soos aangedui, dat daar daadwerklik nie noemenswaardige beïnvloeding was nie. Ten opsigte van provokasie is die bevinding geboekstaaf wat reeds aangehaal is en wat daarop neerkom dat, hoewel daar 'n gevoel van woede was, "niks wat die slagoffers van hierdie misdaad gedoen het, ... as provokasie beskou (kan word) nie". Vervolgens is eerste appellant se rol teenoor dié van derde appellant behandel. Die verhoorhof het bevind dat eerste appellant inderdaad die initiatief geneem het om die aanval te loods en dat hy binne die struktuur van die AWB 'n posisie van

31

gesag bekleed het en boonop die uiteindelijke bevel gegee het om op die bus te skiet. Nadat daarop gewys is dat dit tweede en derde appellante was wat die werklike skietwerk gedoen het, het die verhoorhof tot die gevolgtrekking gekom dat dit kwalik moontlik is om aan derde appellant 'n geringer rol toe te dig as aan sy metgeselle en dat "al die deelnemers een so aandadig as die ander" is.

In hierdie hof het mnr de Vos sy betoog ten opsigte van versagtende faktore hoofsaaklik toegespits op wat hy "politieke en godsdienstige faktore" genoem het. Die betoog het daarop neergekom dat, hoewel die verhoorhof tereg bevind het dat derde appellant geredelik vatbaar was vir beïnvloeding, die daadwerklike beïnvloeding wat waarskynlik bygedra het tot sy optrede totaal onderskat is. Ek stem egter nie saam nie. Derde appellant se getuienis laat die onuitwisbare indruk dat hy daarop uit was om sy eie

32

verwythbaarheid voor andermansdeur te lê deur te kenne te gee dat hy gedurende feitlik die hele verloop van sy lewe deur andere in 'n bepaalde rigting gestuur is. Die waarheid skemer egter deur in sy getuienis oor sy stiefvader wat hierbo aangehaal is naamlik dat laasgenoemde se politieke

beskouings ooreengekom het met derde appellant se eie beskouings. Dit geld ook vir sy kamermaat en sy skoonouers en veral vir die AWB. Eerste appellant het byvoorbeeld getuig dat hy graag geluister het na toesprake van Eugene Terre'Blanche en groot genot gevind het in bandopnames van die leier se retoriek waarna hy gereeld geluister het. Klaarblyklik het hy egter nie geluister na iets wat hy nie graag wou hoor nie; wat genotvol was in sy leier se uitsprake, was dat dit ooreengestem het met sy eie beskouings. Natuurlik kan aanvaar word dat sy persoonlike sienings daardeur versterk is en dat hy tot daardie mate beïnvloed is.

33

Daarom was HUGO R volkome korrek in sy gevolgtrekking dat die AWB 'n rol gespeel het om derde appellant se geneentheid om teen swartes op te tree te vergroot. Verder as dit kan dit egter nie gaan nie. Allermens kan dit gesê word dat enigiemand, behalwe eerste appellant, wie se optrede ek binnekort sal behandel, by wyse van beïnvloeding meegewerk het tot derde appellant se misdade. Oor Carel Liebenberg en die Gemeente van die Verbondsvolk hoef nie veel gesê te word nie. Die verhoorhof het tereg bevind dat derde appellant, wat die godsdienst betref, in twyfel verval het maar dat hy werklik kon geglo het dat swartes skepsels van die duiwel is, kan eenvoudig nie aanvaar word nie.

Dit moet aanvaar word dat eerste appellant die betrokke dag 'n belangrike rol gespeel het en, soos die verhoorhof bevind het, die inisiatief geneem het in die besluit om weerwraak te neem. Sy rol

34

moet egter nie oorskat word nie. Dat hy die leiding geneem het doen nie afbreuk aan derde appellant se volkome bereidwilligheid om mee te doen nie. Volgens derde appellant was dit op eerste appellant se aandrang dat hy sy AK 47 saamgeneem het na die ontmoeting voordat hy nog geweet het van die voorneme om Durban toe te ry. Sy getuigenis dat hy hoegenaamd nie geweet het waarom hy die wapen moes saamneem nie, en dat eerste appellant aan hom gesê het dat hulle 'n draai sou gaan ry en dat hy die geweer moes saambring, is nog 'n aanduiding van sy geneigdheid om sy verwytbaarheid te probeer verplaas. Hy het goed geweet dat die byeenkoms waarheen hy opgeroep is en waarheen hy sy wapen moes neem in verband gestaan het met die voorval in Durban en, selfs voordat hy ingelig is dat Durban die bestemming was, het hy ongetwyfeld besef dat dit van hom verwag sou word om sy geweer te gebruik. Sy persoonlike geneentheid tot

35

weerwraak daardie aand spreek duidelik uit die volgende uittreksel uit sy kruisondervraging:

"Het u hoegenaamd geprotesteer daarvoor op daardie stadium? . . . Ek het gesê - ek het geprotesteer in die sin ek het gesê dit is ver en dis laat al, en ek was bekommerd dat my vrou gaan kwaad wees - want ek het toe geweet ons gaan eers 1 uur die oggend by die huis kom, en ek was bang daarvoor. MNR SCHÖNFELDT: So u was toe meer bekommerd oor die feit dat u gaan laat wees (as) oor die feit dat u moet mense gaan skiet? . . . Dit is korrek U Edele."

Derde appellant se bewering dat hy geglo het dat die rit Durban toe deur die leier van die AWB gelas is (hoewel hy toegegee het dat eerste appellant nooit soiets gesê het nie) en dat die mesaanval die begin was van die swart opstand wat sy leier altyd in vooruitsig gestel het, kan ook nie geglo word nie.

Dit is onsinnig om te suggereer dat so 'n opstand begin sou word met 'n mesaanval deur 'n aantal jeugdiges geklee in T hempies van die PAC. En, selfs al het derde appellant so 'n onsinnigheid aanvaar,

36

het hy nog steeds goed geweet dat nóg die leier van die AWB nóg enigiemand anders hom 'n opdrag of magtiging kon gee om die reg in eie hande te neem. Sy posisie verskil na my oordeel nie van dié van die ander twee nie. Wat ek vantevore gesê het oor die feit dat hulle die reg in eie hande geneem het geld ook vir hom. Ook in sy geval stem ek met die verhoorhof saam dat die doodvonnis die enigste gepaste vonnis is.

Die appèlle word van die hand gewys.

J J F HEFER AR.

VIVIER AR)

Stem saam. KRIEGLER Wn AR)

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1992/234.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-botha-unknown-topic-asca-1992--6a3ea51c3b1caa912981252f>

Prepared on 13 October 2026 · Esheria